# Gesels saam

GRAAD 4-6

## WELKOM

Gesels saam:

- Wat dink julle is vir God die belangrikste? Dink julle dit is vir Hom belangrik dat julle kerk toe gaan? Of dat julle mooi klere dra?
- Wat beteken dit om 'n goeie Christen te wees?

Die profeet Miga het vreeslik met God se volk gesukkel. God was so goed vir hulle: Hy het nog altyd getrou vir hulle gesorg en hulle beskerm. God het sy volk gevra om op 'n sekere manier te leef sodat ander mense kan sien dat hulle sy kinders is. Maar die volk kon dit nie regkry nie. Hulle het geleef net soos hulle wil. Hulle was lelik met mekaar en het dan probeer om God se vergifnis te koop.

## WONDER

Verduidelik die agtergrond van die teks vir die groep.

Lees Miga 6:1-8 saam.

Gesels saam:

- Wat beteken die volgende?

- om te doen wat reg is
- om liefde (aan ander) te bewys
- om nederig die pad saam met God te loop
- Hoekom dink julle vra God hierdie dinge en nie groot offers nie?

## WEES

Gebruik die hulpmiddel "Leef soos God vra" om kaartjies te maak vir die speletjie wat die groep gaan speel. Die jongmense gaan later (by "Wegstuur") 'n kaartjie kies om huis toe te neem – bring dus ekstra kaartjies saam.

Sit die kaartjies op drie hopies neer: "Reg", "Liefde" en "Loop".

Gee vir elke jongmens 'n beurt om 'n dobbelsteen te gooi. Die getal op die dobbelsteen dui aan uit watter hopie die jongmens 'n kaartjie moet trek:

- 1 en 2 = Reg

- 3 en 4 = Liefde
- 5 en 6 = Loop

As 'n jongmens dus 1 gooi, moet hy of sy 'n kaartjie uit die hopie "Reg" trek en die vraag daarop beantwoord.

Speel totdat almal 'n beurt gekry het.

## WEGSTUUR

Laat elke jongmens 'n kaartjie kies waarvan hulle hou. Hulle kan die kaartjie huis toe neem en die vraag vir hulle huismense vra. Hulle kan ook die kaartjie saamneem skool toe en met hulle vriende daaroor gesels.